

DIE KONINGIN VAN HOERE

Tony Alamo
Rosalind Musselman

Die ongoddelike Rooms Katolieke aanbidding van die Moeder Maria Godin is gebaseer op die valse leerstelling van Maria se “ewigdurende maagdelikeid.” Maria, Jesus se moeder, is deur die Rooms Katolieke politieke stelsel tot valse Maagd Godin Maria verhef, maar die Bybel bewys dat Maria nie ’n ewigdurende maagd of godin was nie.

Soos ons die begin van hierdie verdoemenswaardige, valse leerstelling nagaan, sal jy die ware oorsprong van ongoddelike Maria-aanbidding herken en sy Satanistiese ontwikkeling verstaan. Deur vorentoe te kyk deur Bybelse profesie, sal jy agterkom dat hierdie valse leerstelling ’n hoof sleutel is in die ontsluiting van die “Misterie” van die Geheimsinnige Babilon waarna in Openbaring 17 verwys word. Sy antieke grondslag is Moeder Godin aanbidding waarin die pousdom ’n hoofrol speel.

Namate ons voortgaan, sal jy sien waarom dit belangrik is dat Rome aan hierdie godslasterlike, valse leerstelling vasklou ten einde die eindtyd godsdienstige politieke stelsel af te kondig, waartydens die Antichris vir ’n kort tydperk oor die hele aarde sal regeer.

Om hierdie skandalige, grondliggende leuen aan die kaak te stel, kom ons kyk na die waarheid van God se onfeilbare Woord. Die Bybel stel dit duidelik dat Maria ander kinders gehad het. Jesus se vier broers word by die naam genoem. Jesus het ook ten minste twee susters gehad. Hulle name word nie genoem nie, maar die meervoud, “sy susters” word in die volgende skrifgedeeltes genoem:

“Is Hy nie die seun van die timmerman nie? Is die naam van sy moeder nie Maria en dié van sy broers Jakobus en Josef en Simon en Judas nie? En sy susters, is hulle nie almal by ons nie?” (Mattheus hoofstuk 13, vers 55-56)

“Is Hy nie die timmerman, die seun van Maria die broer van Jakobus en Josef en Judas en Simon nie? En is sy susters nie hier by ons nie? En hulle het aanstoot aan Hom geneem” (Markus hoofstuk 6, vers 3).

Die Bybel noem Jesus Maria se “eersgebore seun”. Nêrens in die Woord van God word hy haar “eniggebore seun” genoem nie. Let op na die volgende skrifgedeeltes: “En hy het haar nie geken totdat sy haar eersgebore Seun gebaar het nie; en hy het Hom Jesus genoem” (Mattheus hoofstuk 1 vers 25).

“En sy het haar eersgebore Seun gebaar en Hom in doeke toegedraai en Hom in ’n krip neergelê, omdat daar nie vir hulle plek in die herberg was nie” (Lukas hoofstuk 2, vers 7).

Die feit is dat sy ander kinders gehad het, want die woord “eersgebore” in Grieks (die oorspronklike geskrewe taal van

die Bybel), soos dit in die twee skrifgedeeltes hierbo verskyn, is prototokos. Letterlik vertaal beteken prototokos, “Die eerste van baie ander.”

As Jesus Maria se enigste seun was, sou die korrekte Griekse woord monogenes gewees het. Monogenes beteken “enigste seun”, “enigste dogter” of “enigste kind.” Monogenes kom ’n paar keer in Nuwe Testamentverse voor, insluitend die volgende: “Toe Hy naby die poort van die stad kom, kyk, word daar ’n dooie uitgedra, die enigste seun van sy moeder en sy was ’n weduwee; en ’n groot menigte van die stad was by haar” (Lukas hoofstuk 7, vers 12).

“... want sy enigste dogter van omtrent twaalf jaar het op sterwe gelê” (Lukas hoofstuk 8, vers 42).

Die woord, monogenes, word ook gebruik met verwysing na die Here Jesus as “Die Eniggebore van die Vader.”

“En die Woord (Jesus) het vlees geword en het onder ons gewoon (en ons het sy heerlijkheid aanskou, ’n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom,) vol van genade (mag) en waarheid” (Johannes hoofstuk 1, vers 14).

“Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê” (Johannes hoofstuk 3, vers 16).

Eeue voor die geboorte van Christus, het God in Sy Woord geprofeteer dat die Messias broers sou hê en dat Sy ma ander kinders sou hê. Die volgende vers sê dit duidelik:

“Vreemd het ek vir my broers geword en ’n onbekende vir die kinders van my moeder,” (Psalm 69, vers 8). In die Nuwe Testament lees ons: “Sy broers het toe vir Hom gesê: Vertrek hiervandaan en gaan na Judea, sodat u dissipels ook die werke kan sien wat U doen ... As U hierdie dinge doen, vertoon Uself aan die wêreld. Want ook sy broers het nie in Hom geglo nie” (Johannes hoofstuk 7, vers 3-5). “Maar nadat sy broers opgegaan het, het Hy ook opgegaan na die fees” (Johannes hoofstuk 7, vers 10).

Rome verklaar duiwelagtig dat Jesus se broeders eintlik neefs is van ’n ander Maria en Kleopas. Hulle beskryf Josef ook minagtend as te oud om kinders by Maria te verwek, maar dat hy kinders uit ’n vorige huwelik gehad het.

God het Dawid belowe dat sy afstammeling vir ewig op sy troon sal sit (II Samuel hoofstuk 7, vers 16). Die koninklike afstamming is van vader na seun oorgedra, nie van moeder na seun nie. Die verkondigingsengel Gabriel, het die volgende aan Maria gesê:

“En kyk, jy sal swanger word en ’n Seun baar en jy moet Hom Jesus noem. Hy sal groot wees en die Seun van die

Allerhoogste genoem word; en die Here God sal aan Hom die troon van sy vader Dawid gee” (Lukas hoofstuk 1, vers 31-32).

Die waarheid word bevestig in die volgende woorde van Jesus:

“Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink morester” (Openbaring hoofstuk 22, vers 16).

As pleegseun van Josef en eersgeborene in die familie het Jesus deur Josef die wettige erfgenaam van Dawid se troon geword.

Die berugte Rooms Katolieke stelsel het Moeder Godin Maagd Maria tot die hoogste posisie in die skepping verhef as “Moeder van God”. Maria was nie God se moeder nie. Sy was ’n eenvoudige Hebreeuse diensmaagd van die Here wat bevoorreg was om deur Hom gekies te word as die maagd wat deur die Heilige Gees swanger sou raak met Jesus. In volvoering van die profesie moes Christus na hierdie wêreld toe kom as ’n man.

Jesus was by die Vader voordat die wêreld geskep is. Hy het Sy hemelse troon verlaat, afgekom aarde toe en aan die kruis gesterf. As die Offerlam van God het Hy Sy Bloed gestort om versoening vir al ons sondes te bewerkstellig. Gevolglik was Maria niks meer as ’n broeikas nie, ’n blote diensmaagd van die Here. Sy het daardie tyd geen spesiale mag gehad nie en sy het nou ook geen spesiale mag nie!

In ooreenstemming met die ware “valse”, Geheimsinnige Babiloniese oorsprong van die amp van die nagemaakte Moeder Godin het demoniese Rooms Katolisisme Maria met die nodige goddelike mag beklee. Die bese weg is voorberei. Al wat oorgebly het was om haar naam aan die antieke Babiloniese Moeder Godin van heidense praktyke te gee. Volgens die antieke mite het die Moeder Godin geboorte gegee aan ’n goddelike seun, maar steeds ewigdurende maagdelikheid gehandhaaf. Rome se Maria is ’n direkte afstammeling van antieke Babilonië se Hoof Valse Godin, Ishtar.

Oorweeg en ontvang die volgende van God se ewige Woord:

“Ek het ’n vrou op ’n skarlakenrooi dier sien sit, vol godslasterlike name met sewe koppe en tien horings. En die vrou wat geklee in purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pèrels. en In haar hand het sy ’n goue beker gehad, vol van gruwels en die onreinheid van haar hoerery; en op haar voorkop was ’n naam geskrywe: VERBORGENHEID, DIE GROOT BABILON, DIE MOEDER VAN DIE HOERE EN VAN DIE GRUWELS VAN DIE AARDE. En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus en” (Openbaring hoofstuk 17, vers 3-6).

God verwys na ’n “vrou”, deur die vroulike voornaamwoord “sy” te gebruik. God se Woord beeld altyd ’n vrou uit wanneer ’n geloofstelsel simbolies uitgebeeld word. Hier het ons ’n wenk

tot die identiteit van hierdie satanistiese “Verborgeneid, die Groot Babilon, Die Moeder van die Hoere,” wat nie letterlik ’n vrou is nie, maar ’n valse godsdienstige, politieke stelsel.

Die berugte Rooms Katolieke politieke stelsel en sy fondasie op die aanbiddingskultus van Maria (Maria-aanbidding, die aanbidding van die ma bo die Seun) word duidelik blootgelê as die antieke hoer wat met die godsdienstige politieke rites en geheime nisse van Geheimsinnige Babilonië verband hou. Haar hoerdogters is geheimsinnige kultusse van elke denkbare aard. Baie word heimlik bevorder na hoër ampte in regerings om die Nuwe Wêreldorde en die misterieuse “duisend ligpunte” (duisternis) te vorm. Satan beloon almal wat haar verdoemende leerstellings ontvang, tydelik, met hoër ampte en word gelei deur die verbale leuen om “ligpunte” te ontvang omdat hulle doen soos sy beveel. Hierdie nasionale en internasionale sataniese leiers (hoerdogters) vorm die eenwêreldkerk se regering, Geheimsinnige Babilon, die grote, aangevuur deur die draak (Satan) (Openbaring hoofstuk 13 vers 4).

Hierdie Misterieuse Babilon bedrieg die denominasies. God het gesê daar sal ’n groot afvalligheid van die kerke in die laaste dae wees: “Laat niemand julle op enige manier mislei nie: want daardie dag sal nie gebeur nie (die einde van die wêreld), behalwe vir die afvalligheid wat eerste kom (van die denominasionale kerke) en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf (die leier van die eenwêreldregering en kerk, die Antichris)” (II Tessalonisense hoofstuk 2, vers 3). Die kerke en regerings van vandag het afskuwelike, godslasterlike gebruike, rites en leerstellings van hierdie antieke Geheimsinnige Babiloniese stelsel genaamd Katolisisme aangeneem. Dit baklei teen ware Christene, soos ek, want ons verkondig die waarheid. Hierdie politieke stelsel wat die vermetelheid het om oor God die Vader, God die Seun, Jesus, die Heilige Gees en God se klein diensmaagd, Maria, te lieg sal sonder kwelling lieg oor wêreldtoestande, oor my of enige ander Christen.

Die antieke Geheimsinnige Babiloniese politieke kultus, deur Nimrod en sy koningin, Semiramis begin, het oor alle nasies heen versprei. (Dit was egter Ishtar wat die “droombeeld” Allerhoogste Moeder Godin van Babilon geword het). Die voorwerpe van aanbidding was die vervalste Allerhoogste Vader, die gefabriseerde Vleesgeworde Vrou of Hemelkoningin en haar ongoddelike seun. Die kultus het gedroom dat hulle die opperwysheid en die ongelooflikste geheime gehad het. Daar was baie bizarre, geheimsinnige rites en bekennisse aan priesters.

In vergoddelike vorm (aanbid of verwys na as ’n god), het Nimrod bekend begin staan as Baäl. Die titel van die vroulike ekwivalent sal Baälti wees. In Engels is dit “My Lady”; in Latyns, “Mea Domina”; en in Italiaans word dit bedorwe tot die welbekende “Madonna!”

Onder die Fenisiërs het die moeder godin bekend gestaan as “Die Vrou van die See”. Selfs hierdie titel word skelm toegepas op Maria, hoewel daar geen verbintenis tussen die regte Maria van die Bybel en die see is nie.

Maria word ook valslik “Die Hemelkoningin” genoem. Hierdie titel behoort nie aan die moeder van Jesus nie. “Die Hemelkoningin” was ’n vals titel van die Moeder Godin wat eeue lank, voordat Maria eers gebore is, aanbid is. In die dae van Jeremia het mense vergeefs die valse “Hemelkoningin” aanbid en ydel rites in haar eer uitgevoer. Beskou die volgende profesie hieroor uit die Bybel:

“Die kinders maak hout bymekaar en die vaders steek die vuur aan en die vroue knie die deeg om koeke vir die hemelkoningin te maak ...” (Jeremia hoofstuk 7, vers 18).

“Maar wat sê God? God sê: “Ek is die Here en daar is geen ander nie; buiten My is daar geen God nie” (Jesaja hoofstuk 45, vers 5).

Aanbidding en verering van beelde, heiliges en oorblyfsels, privaat skuldbydenisse, die teken van die kruis, Kersfees, die Aankondigingsfees op 25 Maart, Vasdag of die Vaste, saam met ander heidenrites en feeste is geleidelik deur die Misterieus Babiloniese Katolieke Politieke Kultus (nou die hoof van die eenwêreldregering en kerk) aangeneem. Hierdie leerstelling, volgens God se Woord, is waansinnig. As jy wonder waarom die “stelsel” in hierdie wêreld waarin jy leef “onderstebo mal” is, dit is omdat hierdie waansinnige stelsel baie vinnig besig is om die perfekte, gesonde instruksies van die Almagtige, Heilige, Ewige, Lewende God te vervang. Hierdie misterieuse Babilon Babiloniese eenwêreldstelsel is daarop toegespits om jou met sy valse geloof en bisarre regeringsreëls en regulasies te bind, te frustreer en te bedrieg. Maar die waarheid van Jesus maak jou vry. Daar is ’n liedjie wat lui, “Satan had me bound, but Jesus set me free, Glory Hallelujah, Jesus set me free.” “En julle sal die waarheid ken en die waarheid sal julle vrymaak” (Johannes hoofstuk 8, vers 32). “Die wet van die HERE is volmaak: dit verkwik die siel” (Psalm 19, vers 7).

Gedurende die eerste paar eeue van die Romeinse kanonieke politieke stelsel is geen klem op Maria gelê nie. Dit was nie tot en met die tyd van Konstantyn – in die vroeë Vierde Eeu – wat die dwase Romeinse regering na Maria as sy Moeder Godin begin kyk het nie. Vroue van Rome, Tracië, Arabië en elders, het die Rooms Katolieke Maria begin aanbid as ’n werklike godin en koeke as offergawe na haar heiligdom gebring. Binne ’n paar kort jare is “Maria-aanbidding” nie net deur die Katolieke politieke stelsel goedgepraat nie, maar dit het ook een van sy vernaamste godslasteringe geword. Satan se werk is om jou om die bos te lei en jou oë van Jesus af te haal en dit op enige ander plek buiten jou een en enigste Verlosser te rig. Daardeur word dit vir jou onmoontlik gemaak om hemel toe te gaan en die pyniging van ’n ewige hel vry te spring. Johannes het deur die Heilige Gees geprofeteer oor hierdie sataniese, hoervrou (kerk) wat op die rug van al die regerings van die wêreld ry en hulle gehoorsaam haar elke bevel.

Satan het ’n kerk en ’n regering nodig gehad om die aanbidding van hom, sy duiwelse kerk en regering en sy baie

valse leerstellings af te dwing. Satan gee nie om wie of wat jy aanbid nie, solank dit nie JESUS DIE WARE VERLOSSER is nie. Getrouheid sal gewys word (volgens die Heilige Skrif) aan hom en sy baie valse leerstellings wat almal dwing om ’n merk op hulle regterhand of voorkop (’n rekenaar-mikroskyfie) te kry. “En ek het ’n vrou sien sit op ’n skarlakenrooi dier, vol godslasterlike name” (Openbaring hoofstuk 17, vers 3). En hierdie vrou (Satan se kerk) sal “bekleed wees met purper en skarlaken en versierd met goud en kosbare stene en pêrels” (Openbaring hoofstuk 17, vers 4).

In 431 n.C., by die Raad van Efese (Stad van die valse heiden Moeder Godin Diana), is die sataniese leerstelling van “Maria-aanbidding” ’n amptelike valse leerstelling van die Katolieke politieke stelsel gemaak. Hierdie duiwelse godslastering het so vinnig in mag gegroei dat daar nou in die Rooms Katolieke politieke stelsel, wat aan die hoof staan van die eenwêreldregering en kerk, na Maria verwys word as Die Goddelike Moeder Godin. Sy word godslasterlik bô Jesus Christus Self aanbid! Hierdie praktyk is duidelik ’n oordrag vanaf antieke Babilon, Rooms Katolisisme se ware oorsprong, waar die Moeder Godin bô die Seun, of Allerhoogste Vader, aanbid word.

Etlke skokkende, ketterse leerstellings rakende die Valse Godin Maria is deur die Rooms Katolieke politieke stelsel aangeneem, wat hulle nou die Nuwe Wêreldorde, duisend ligpunte (duisternis) noem, maar wat eintlik enigets behalwe nuut of lig is. Jesus het gesê dat hierdie stelsel afkomstig was van “die ou slang wat Duiwel en Satan genoem word, wat die hele wêreld verlei” (Openbaring hoofstuk 12, vers 9).

Op 8 Desember 1854, het Pous Pius IX skandelik die volgende opgetower: “Die ewige Seun van God, toe Hy die aard van die mens vir die verlossing en verheerliking van die mensdom wou neem en daarom in ’n sekere sin in ’n misterieuse huwelik met die hele menseras wou tree, het dit nie gedoen sonder om eers absolute vrye toestemming van Sy gekose moeder, wat die hele mensdom verpersoonlik, te kry nie.”

Thomas Aquinas het selfs verder gegaan met hierdie belaglike en verdoemlike kettery: “In die boodskap aan Maria, is daar gewag op die instemming van die Maagd, in plaas van die hele mensdom. Niks kom na ons toe behalwe deur God se wil deur Maria nie. Dit is waarom niemand die Seun kan bereik behalwe deur die moeder nie: Ons glo in God se oneindige geregtigheid en staan in bewing voor dit. As die bewustheid van ons dade veroorsaak dat ons bewe, het ons ’n advokaat en ’n beskermmer nodig, wat magtig is voor God. Maria is so iemand, wat al ons lof waardig is; sy kyk op ons neer vol goedheid en oorweging. Christus was uit vrye wil aan haar onderworpe en gehoorsaam, ons moet dus onself onder haar beskermings en lojaliteit plaas, saam met ons planne en dade, ons reinheid en berouvolheid, ons sorg en vreugdes en pleitredes en wense. Alles wat ons sîn is, moet ons aan haar toevertrou.”

Maar die Bybel sê ons aan om op die Here te vertrou met ons hele hart, siel, gedagtes en krag en: “Vertrou op

HOM altyd, ag volk! Stort julle hart uit voor SY aangesig! God is n̄ toevlug vir ons” (Psalm 62, vers 9). “Welgeluksalig is die man wat sy vertrou in die HERE stel en hom nie wend tot hoogmoediges en leuendienaars nie” (Psalm 40, vers 4). Die Bybel sê ook aan Christene dat alles van God kom in die NAAM VAN JESUS, “En wat julle ook al in my Naam vra, dit sal Ek doen, sodat die VADER IN DIE SEUN VERHEERLIK KAN WORD” (Johannes hoofstuk 14, vers 13). Die onfeilbare Skrifgedeeltes sê ook aan ons, “Want daar is een God en een middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus” (I Timoteus hoofstuk 2, vers 5).

Alle kultusleiers rig nie die wêreld na Jesus soos die Afrikaanse Bybel doen nie, maar na ander (valse gode) soos die kultusleier Johannes Paulus II, wat die wêreld aan Maria wy en gedurig gesien word waar hy kniel en tot Maria bid, aan die voete van haar standbeeld wat van beton en plastiek gemaak is.

Dit is vir my onmoontlik om die dwaling van hierdie sataniese Romeinse kultus met sy nuwe wêreldorde, duisend ligpuntregering te verduidelik sonder die onfeilbare Woord van God, die Afrikaanse Bybel. Enigiemand wat die Bybel lees sal nooit heiliges, Maria, die pous of enigiemand anders as Jesus, Sy Vader en die Heilige Gees aanbid nie.

Die regeringsagentskappe (Federale Kommunikasie Kommissie (FCC), die geregtelike en skoolstelsels, ens.) gelei deur die Romeinse kultus en sy leier die Pous, doen alles in hulle vermoë om die Heilige Bybel te elimineer en af te breek. Die duiwel wat hulle beheer weet dat die kans om jou ewige siel te vernietig is uitstekend as hulle God, Sy Seun Christus Jesus en die Heilige Skrif uit jou visier kan onttrek. Alle dwalinge word slegs deur die Bybel (die Afrikaanse-weergawe) as vals bewys.

Jesus sê: “Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee,” (Mattheus hoofstuk 11, vers 28). Die Bybel vermeld dat Jesus die enigste sondelose, vlekkelose een was en dus die mag het om sondes deur Sy bloed te vergewe.

Net Jesus het die mag om te red en te genees. Gebede kan net beantwoord word as dit tot die Vader in Jesus se naam gebid word. Jesus het gesê: “Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde” (Mattheus hoofstuk 28, vers 18). Jesus het gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie” (Johannes hoofstuk 14, vers 6). Jesus het gesê: “Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe” (Johannes hoofstuk 11, vers 25).

Maria was n̄ sondaar. Sy was n̄ sondaar. Nadat Jesus gebore is was sy vol foute. God beveel ouers om versigtig oor hulle kinders te waak. Maria, wetende dat Jesus die Messias is, het Jesus vir drie dae sonder toesig gelos. By die troue in Kana in Galilea het sy die Verlosser se werk dwaaslik onderbreek en is daarvoor bestraf. Maria was nie naastenby perfek en rein nie. Maria moes gered word deur die reddende genade (mag) en die bloed van Jesus.

Die kultus van “Maria-aanbidding” het so godslasterlik verdraai geword dat sy in die bekende venster van die groot Katedraal van Chartres, bekend as die “Notre Dame de la belle verriere” (Ons Dame van die mooi gebrandskilderde glasvenster), belaglik voorgestel word met die Drie-eenheid in haar moederskoot om verdere demoniese bedrog te kan pleeg. In ander gebrandskilderde glasvensters sit sy verwaand sy aan sy saam met God die Vader en God die Seun en vorm dus saam met hulle n̄ goddelike Drie-eenheid van Vader, Seun en “Maagd Maria”. Maria word godslasterlik voor die Heilige Gees gestel. Daar is een onvergeeflike sonde waarvoor daar geen vergifnis is nie, godslastering van die Heilige Gees. “En elkeen wat n̄ woord spreek teen die Seun van die mens, dit sal hom vergewe word; maar elkeen wat spreek teen die Heilige Gees, dit sal hom nie vergewe word nie, nie in hierdie wêreld nie en ook in die toekomstige wêreld nie” (Mattheus hoofstuk 12, vers 32).

Ons moet gedoop word in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. “Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees” (Mattheus hoofstuk 28, vers 19). Die Skrif sê duidelik: “Glo in die Here Jesus Christus (nie Maria nie), en jy sal gered word, jy en jou huisgesin” (Handelinge hoofstuk 16, vers 31).

Die ware Maria – Maria van die Bybel – was waarlik geseënd in God, want sy is deur God gekies as die werktuig (broeikas) om Jesus in die wêreld te bring deur die maagdelike geboorte. Sy het egter nog nooit enige ander roeping of spesiale mag gehad nie en sal nooit hê nie. Wat n̄ verafskuwing is dit vir n̄ Heilige, Soewereine Here, wat ons duidelik in Sy Woord waarsku:

“En daar is geen verlossing in iemand anders nie [dit beteken GEEN verlossing in enigiemand anders as Jesus nie. Dit sluit Maria in], want daar is geen ander naam onder die hemel wat onder die mens gegee is, waardeur ons gered moet word nie [behalwe Jesus en geen ander sluit Maria in],” (Handelinge hoofstuk 4, vers 12).

Die Heilige Woord van God, ons oppergesag, het dit glashelder gemaak dat Maria geen plek bo enige ander Christen het nie. Maria het nie aan die kruis gehang nie en sy het nie haar bloed gestort vir die verlossing van ons sondes nie. Dit was alleenlik Jesus en in Sy naam alleen is daar verlossing.

Hoewel die kultus van die Maagd Maria stelselmatig gegroei en haar tot bonatuurlike status verhef het, selfs bo Jesus Christus, maak die vroegste rekords soos die Briewe van Paulus geen melding van Maria nie!

Dit is belangrik om weer te beklemtoon dat die ware Maria van die Bybel nie n̄ werktuig was wat haar beroem het op haar rol nie. Sy is eerder gekies vir haar deugde van nederigheid en gehoorsaamheid aan God en haar aanvaarding van die ware Verlosser en bemiddelaar tot God, en Sy naam is Jesus. Sy was n̄ blote “diensmaagd” van die Here, volgens haar

eie woorde, en moes die Here Jesus Christus as haar eie persoonlike Verlosser aanvaar om gered te word, net soos enigiemand anders.

“En Maria het gesê: Hier is die diensmaagd van die Here; laat dit met my gaan volgens U woord” (Lukas hoofstuk 1, vers 38).

Die woord “diensmaagd” beteken “vroulike slaaf”. Dit beteken nie “koningin” nie. In die Woord van God “kroon” Jesus nooit vir Maria of verhef haar na enige posisie bo “diensmaagd van die Here” nie. Dit was die Rooms Katolieke politieke stelsel wat hulle “Godin Maagd Maria” as “Koningin” gekroon het. Dit is in totale ooreenstemming met “haar” antieke Babiloniese genealogie van Ishtar, waar die “Godin Moeder” altyd “Koningin” is en oppermagtig oor haar “Seun” en al haar toegewyde volgelinge regeer.

Die Evangelie van Markus vermeld dat Jesus voorstel dat Sy ma enige spesiale status gehad het, ten sterkste verwerp het. Kyk na die volgende paragraaf:

“En ñ skare het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: U moeder en u broers soek U daarbuite. En Hy antwoord hulle en sê: Wie is my moeder of my broers? En Hy kyk om hom rondgekyk na die wat om Hom sit en gesê: Dáár is my moeder en my broers! Want elkeen wat die wil van God doen, dié is my broer en my suster en moeder” (Markus hoofstuk 3, vers 32-35).

Die Evangelie van Lukas vermeld selfs ñ noukeuriger verwerping, definitief ñ amptelike ontmoediging van enige neiging om spesiale eer aan Maria te verleen:

“En terwyl Hy dit spreek, het ñ vrou uit die skare haar stem verhef en vir Hom gesê: Salig is die skoot wat U gedra het en die borste wat U gesoog het. En Hy het gesê: Ja, maar salig is hulle wat die woord van God hoor en dit bewaar” (Lukas hoofstuk 11, vers 27-28).

Die Woord van God getuig duidelik van die goddelike aard van Jesus en verhef beslis nooit een keer die status van Sy moeder nie. Maria het nooit haar status verhef nie, maar eerder gesê: “My siel verheerlik die Here” (Lukas hoofstuk 1, vers 46). Maria fokus op die regte een. Alle skrifgedeeltes verwys na Jesus, nooit na iemand anders nie. Jesus is die Verlosser, die Here en Meester en God!! Jesus is die Alfa, die Omega, die begin en die einde, die verlossing, die weg, die waarheid, die lewe. Jesus is die vleesgeworde Woord van God. “En die Woord het vlees geword en onder ons kom woon (en ons het Sy heerlijkheid aanskou, ñ heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom), vol genade [mag] en waarheid” (Johannes hoofstuk 1, vers 14). Jesus het gesê: “Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie,” (Johannes hoofstuk 14, vers 6). Luidens die Nuwe Testament, die oppergesag, het Maria geen spesiale posisie in die oorspronklike Christen-gemeenskap in Jerusalem gehad nie. Die Handeling van die Apostels noem slegs kortliks dat sy ñ lid van hierdie gemeenskap was (Handeling hoofstuk 1, vers 14).

In die Evangelie van Johannes het Jesus letterlik “Sy ma weggegee” aan Sy gunsteling dissipel. Met die dat Hy dit doen het Hy haar nie meer “moeder” genoem nie, maar na haar verwys as “vrou”. Dit was nie wreedheid of koudheid van Jesus se kant af nie, dit was net ñ feit. Aan die voet van die kruis het haar posisie as “Moeder” van Jesus geëindig:

“En toe Jesus sy moeder en die dissipel wat Hy liefgehad het by haar sien staan, het Hy vir sy moeder gesê: Vrou, daar is u seun! Daarop het Hy vir die dissipel gesê: dáár is jou moeder! En van daardie uur af het die dissipel haar in sy huis geneem” (Johannes hoofstuk 19, vers 26-27).

Kortweg, bekragtig die Heilige Woord van God, die oppergesag, Maria se volledige skriftuurlike identiteit en rol as “diensmaagd van die Here.”

1) Sy was ñ maagd tot die geboorte van Jesus: Lukas hoofstuk 1, vers 27.

2) Ná die geboorte van Jesus was sy nie meer ñ maagd nie, maar het baie ander kinders by Josef gehad: Mattheus hoofstuk 13, vers 55-56.

3) Sy was geseënd onder vroue net omdat God haar as die werktuig gebruik het waardeur Jesus in die wêreld kon kom: Lukas hoofstuk 1, vers 28.

4) Maria het die Here verheerlik, nie haarself nie: Lukas hoofstuk 1, vers 46. Saligheid kom van die Here af: Handeling hoofstuk 4, vers 12.

5) Maria was nie ñ ewigdurende maagd nie. Sy het ander seuns gehad, genaamd Jakobus, Josef, Simon, Judas, en verskeie dogters: Mattheus hoofstuk 13, vers 55-56.

6) Die verhouding as ma van Jesus het by die kruis geëindig, waar Hy haar nie meer “moeder” genoem het nie, maar “vrou”: Johannes hoofstuk 19, vers 26-27.

7) Jesus het gesê dat Hy soveel eer aan enige wedergebore Christen verleen, as ons Sy Woord gehoorsaam, soos wat Hy aan Maria verleen het. Jesus het die Maria-aanbiddingkultus van die hoeragtige Katolieke politieke stelsel voorsien en tydens Sy aardse bediening het Hy emosionele luisteraars bestraf wat probeer het om saadjies van Maria-aanbidding te plant: Lukas hoofstuk 11, vers 27-28; Mattheus hoofstuk 12, vers 48-50.

Ons Here sê vir ons dat as wedergebore Christene die wil van ons Vader, wat in die hemel is, doen, sal ons soveel status as Maria hê! Wanneer ons die Here Jesus Christus as ons persoonlike Verlosser aanneem, kom woon hy in ons harte deur die Heilige Gees, net soos Jesus met Maria gedoen het. Dit gaan nie julle dames nie die koningin van die hemel of julle mans die tweede koning van die hemel maak nie. Dit maak van ons vrygekoopte dienaars van God. Dienaars van die Allerhoogste God doen soos wat hulle meester hulle beveel.

Jesus het gesê: “Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel” (Johannes hoofstuk 15, vers 14).

As jy wedergebore, ñ dienaar van God wil word, dan moet jy saligheid op God se voorwaardes aanvaar, nie dié van ñ

valse politieke stelsel nie, sodat jy die koninkryk van die hemel kan binnegaan en nie hel toe gaan nie. God se voorwaardes word duidelik in die Afrikaanse Bybel uiteengesit en jy moet oppas om slegs by God se voorwaardes te hou en heeltemal weg te bly van alle valse leerstellings. Dit beteken dat jy enigiets anders moet verwerp. Maria-aanbidders moet Maria-ne genoem word, nie Christene nie. Christene aanbid Christus en nie Maria of enigiemand anders nie.

Die Nuwe Testament is letterlik in die bloed van Jesus geskryf, nie Maria se bloed of enigiemand anders s'n nie. Kom nou dadelik na die ware en enigste Verlosser van jou siel deur hierdie gebed tot jou Maker, die lewende God te bid en wanneer jy dit doen sal Jesus jou liggaam binnekom en in Sy bloed jou reinig van al jou sielsondes. Bid hierdie gebed:

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.¹ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.² Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.³ Ek glo dat GOD JESUS uit die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES,⁴ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.⁵ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.⁶ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.⁷ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.⁸ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.⁹ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U

my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.¹⁰ Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.⁴³

Na redding, het Jesus gesê, moet ons gedoop word, ten volle onderdompel in water in die Naam van die VADER en die SEUN en die HEILIGE GEES.¹¹ Bestudeer die King James Bybel deeglik en voer die opdragte uit.¹²

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan n verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, "Sal n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word], en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in n begerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Mal.3:8-12).

1 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 2 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 3 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Openb. 5:9 4 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 5 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 6 1 Kor. 3:16, Openb. 3:20 7 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Openb. 1:5, 7:14 8 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 9 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 10 Heb. 11:6 11 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Openb. 7:14, 22:14 12 Matt. 28:18-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 13 Deut. 4:29, 13:4, 26:16, Jos. 1:8, 22:5, 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Openb. 3:18

Kontak ons asseblief vir inligting of literatuur oor ander onderwerpe wat interessant mag wees.

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078

24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christian Ministries Worldwide verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York, en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS

in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word n werker in die oes van siele deur n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis, en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg November 1995, Maart 2012 Alle regte voorbehou Internasionale Pastoor Tony Alamo © Geregistreer November 1995, Maart 2012

AFRIKAANS—The Queen of Whores